Donderdag 30 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14	Fokusgedeelte: Openbaring 14:18

Daar is nie een goddelose wat aan die einde uit die toorn van die Here wegkom nie!

… en ’n ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar uitgekom en met ’n groot stem geroep na hom wat die skerp sekel het, en gesê: Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword (Op. 14:18, 1953-vertaling).

Daar kom nog ’n engel aan. Hierdie een het mag oor die vuur – maar hy tree in dié gedeelte net as ’n boodskapper op! Die feit dat die Here openbaar dat hierdie besondere engel by die altaar werk en mag oor die vuur het, roep Openbaring 8:3-5 terug: *En ’n ander engel het gekom en met ’n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God. En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing.*

Die Engel wat mag het oor die vuur, beveel die ander engel om met die oordeelsdaad te begin. Sy bevel is duidelik ’n wraakneem-opdrag: *Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in.*

Sing: Psalm 9-1:5, 12

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)